

24 Januarie

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 5

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 5:7-8

Ons Messias bring feesvreugde, daarom moet ons onself nie besoedel met die ou suurdeeg van onsedelikheid en ander sonde nie

Die kerk in Korinte word tereg beskryf as Paulus se “probleemgemeente”. Die stad Korinte was geleë op ’n smal strook land wat die Peloponnesiese skiereiland met Griekeland verbind het. Deur die twee hawens weerskante van die stad het Oos en Wes mekaar ontmoet, en dit het van hierdie stad ’n kosmopolitiese wêreldstad gemaak. Een van die uitstaande kenmerke in die stad was die tempel van die heidense vrugbaarheidsgodin Afrodite waar daar ’n 1000 tempelprostitute dag en nag beskikbaar was om hulde te bring aan Afrodite se vrugbaarheid. Dit is dus nie verbasend dat Korinte bekend was vir sy lae morele waardes en immorele leefwyse nie.

Een van die kenmerke van die kerk is dat dit anders moet wees as die wêreld waarin die kerk staan. Die kerk in Korinte was in ’n sekere sin “anders” as die heidene om hulle. Die ironie is dat die “andersheid” daarin geleë was dat hulle immorele optrede selfs erger was as dié van die heidene rondom hulle! Dit is in die lig hiervan dat Paulus die gemeente in Korinte oproep om die ou suurdeeg van onsedelikheid en ander sonde uit hulle midde te verwyder. Paulus tref hier ’n vergelyking met die ongesuurde brood (wat reinheid verteenwoordig het) wat die Israeliete tydens Paasfees geëet het. Suurdeeg het boosheid voorgestel terwyl gisting ontbinding en korrupsie verteenwoordig het.

Die grond waarop Paulus hierdie oproep doen, is dat Christus as Paaslam vir ons geslag is. Net soos die bloed van die paaslam gekeer het dat die eersgeborenes van die Israeliete doodgemaak is, gee die bloed van Christus (ons Paaslam) vir ons die ewige lewe deurdat dit ons reinig van die ou suurdeeg van ons sonde. Met die Ou-Testamentiese Paasfees het die Israeliete hulle verlossing uit die slawerny van Egipte herdenk. Wanneer Christus se kerk (dit wil sê elkeen van ons wat in Hom glo) saam met Hom feesvier om ons verlossing van die slawerny van sonde te herdenk, moet ons onself nie besoedel met die ou suurdeeg van onsedelikheid en ander sonde nie.

Sing Psalm 1:1

Teologiese Student George van der Walt

